basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

| PUNTE | |
|---|---|

**JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2014**
**GRAAD 5 AFRIKAANS HUISTAAL**
**TOETS**

**PUNTE: 60**

**TYDSDUUR: 1½ UUR**

**PROVINSIE** ____________________________________________

**DISTRIK** ____________________________________________

**STREEK** ____________________________________________

**NAAM VAN SKOOL** ____________________________________________

**EMIS-NOMMER (9 syfers)**

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | |

**KLAS (bv. 5A_)** ____________________________________________

**VAN** ____________________________________________

**NAAM** ____________________________________________

**GESLAG (✓)**

| SEUN | | DOGTER | |
|---|---|---|---|

**GEBOORTEDATUM**

| C | C | Y | Y | M | M | D | D |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

**Hierdie toets bestaan uit 13 bladsye, die voorblad uitgesluit.**

| **Instruksies aan die leerders** | |
|---|---|
| 1. | Lees al die instruksies noukeurig deur. |
| 2. | Beantwoord al die vrae in die spasies wat voorsien word. |
| 3. | Die toets duur 1 ½ uur. |
| 4. | Die onderwyser(es) sal jou deur die oefenvoorbeelde lei voordat jy met die toets begin. |
| 5. | Skryf netjies en leesbaar. |

**Oefenvoorbeeld**

Omkring die letter met die korrekte antwoord.

Die son kom op in die …

A weste.

B ooste.

C noorde.

D suide.

Jy het die vraag korrek beantwoord indien jy die letter (B) omkring het.

**Die toets begin op die volgende bladsy.**

## AFDELING A: LEES EN KYK

Lees die onderstaande leesstuk noukeurig deur en beantwoord die volgende vrae.

# GEMEENSKAPSNUUS

Kaapstad – 22 November 2013

Volgens berigte is daar verskeie kere probeer om `n hond te red wat in Kimberley se Groot Gat geval het.

Die hond is sedert verlede Vrydag, 15 November 2013, in die gat vasgekeer.

ER 24 het met die SAPD, De Beers en die Sol Plaatjies Brandweerstasie saamgespan om die hond te red.

Christo Venter het aan Nuus 24 gesê dat hul eerste pogings om die hond te red, nie geslaag het nie. Dit is omdat die grond rondom die gat onstabiel en los was en die toue wat hulle gehad het, ook te kort was. Hulle kon eers na die derde probeerslag die hond red.

"Die afstand tot by die watervlak is omtrent 200 m en dit is `n wonderwerk dat die hond die val in die water oorleef het," het mnr. Venter gesê.


"Daar is `n rots in die watergat waarop die hond kon klim om te rus," het Venter gesê.

Coetzee het geraai dat die hond moontlik `n meerkat of een van die ander klein diertjies rondom die gat gejaag het toe hy daarin val. Hy het ook bygevoeg dat hy nie seker is hoe lank die hond in die gat vasgekeer was nie.

Die Groot Gat se projekbestuurder, Dirk Coetzee, het aan Nuus 24 bevestig dat dit die eerste keer was dat `n dier in die gat val.

"Ons is nie seker oor watter soort hond dit is nie, maar dit lyk soos `n groot bruin hond. Niemand het die hond tot dusver kom opeis nie.

Duisende diere word jaarliks gered. Die onderstaande grafiek wys die aantal diere wat alleenlik in 2009 gered is.




[*Aangepas uit:* www.news24.com]

1. Omkring die letter met die korrekte antwoord vir vraag 1-3.

Kies die beste titel vir die koerantberig.

Hond vasgekeer in Kimberley se ...

A Groot Rivier.

B Groot Dam.

C Groot Swembad.

D Groot Gat. (1)

2. Uit watter koerant is hierdie berig geneem?

A Die Burger

B Yebo Nuus

C Gemeenskapsnuus

D Die Son (1)

3. Die woord "oorleef" beteken om …

A deur die lewe te kom.

B `n vol lewe te leef.

C lewendig te bly.

D op te hou lewe. (1)

4. Beantwoord die volgende vraag:

Watter woord uit die teks dui aan dat mnr. Coetzee nie seker was hoe die hond in die gat geval het nie?

______________________________ (1)

5. Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Maak 'n regmerkie(✓) langs die korrekte antwoord.
Gee `n rede vir jou antwoord.

Honde val dikwels in die Groot Gat.

| **WAAR** | | | **ONWAAR** | |
|---|---|---|---|---|

___________________________________________________________

___________________________________________________________ (2)

6. In watter stad sal ons die Groot Gat aantref?

_________________________________ (1)

7. Omkring die letter met die korrekte antwoord.

Wie was die projekbestuurder van die Groot Gat?

A Christo Venter
B Dirk Coetzee
C Sol Plaatjies
D De Beers (1)

8. Bestudeer die grafiek in die berig op bl.2 en beantwoord Vraag 8.1–8.2.

8.1 Watter diersoort word die minste gered?

_________________________________ (1)

8.2 Wat is die verskil tussen die aantal seeleeus en die aantal robbe wat in 2009 gered is?

___________________________________________________________

___________________________________________________________ (2)

Lees die onderstaande leesstuk noukeurig deur en beantwoord vraag 9–12.



**HERFS SE TAKE**

Somer raak nou vaak;
Dis tyd vir herfs se taak;
Blommetjies val, ook elke blaar
Nog `n seisoen is klaar.

“Ek moet die blare verf,” sê hy,
“In kleure van rooi en goud”,
Die voëls kan nie langer bly,
Anders word dit te koud.

Sonnige, salige Sondae kan kort,
koud en winderig word;
Oor hierdie heerlike koeligheid,
Is ek glad nie spyt.

“Ek‘t nog een ding om te doen
Voor die einde van my seisoen;
Ek sal droë blare op hope laat lê
Dat kinders baie pret kan hê!”

[Joanna Fuchs (verwerk)]

Beantwoord die volgende vrae:

9. Oor watter seisoen van die jaar handel die gedig?

_______________________________________ (1)

10. Skryf EEN woord uit versreël 16 neer wat vir jou sê dat die kinders die droë blare kan geniet.

__________________________ (1)

11. Alliterasie is wanneer dieselfde klank herhaal word. Voorbeeld: Die **s**eun lees `n **s**torie op die **s**trand.

Skryf slegs die woorde neer wat alliterasie in versreël 9 aandui.

_______________________________________________________ (2)

12. Gee EEN rede waarom dit belangrik is vir mense om bome te plant.

_______________________________________________________

_______________________________________________________ (1)

13. Rym is wanneer woorde dieselfde klink.

Voorbeeld. Ek sit onder die **boom,**

en ek hou van **droom**.

Skryf die woorde uit die gedig neer wat rym met:

13.1 goud - _____________________ (1)

13.2 klaar - _____________________ (1)

14. Lees die volgende leesstuk deur en beantwoord vraag 14.1–14.5.



**Die Heuningby**

Hierdie insek woon in alle dele van Suid-Afrika. Die bye werk baie hard om heuning te maak waarvan die meeste mense hou. Heuningbye versamel nektar om heuning te maak. Hierdie bye dans op die byekorf om vir die ander bye te wys waar die beste blomme vir heuning is. Heuningbye kan 20 000 km vlieg om genoeg nektar vir 500 g heuning bymekaar te maak. Die heuningby is heldergeel en oranje van kleur. Dit is 12 mm lank en het ses pote. Die heuningby se liggaam bestaan uit drie aparte dele.

Voltooi die sinne deur die ontbrekende woord(e) in te vul.

Die heuningby woon in (14.1) ____________________________________________.

Die bye versamel (14.2) ________________________________________________.

Hulle (14.3) _____________________________ om vir die ander bye te wys waar

die beste blomme vir heuning is. Die heuningby is (14.4) __________________________________________________ van kleur en sy liggaam

bestaan uit (14.5) ________________________________. (5)

**TOTAAL AFDELING A: 23**

## AFDELING B: TAALSTRUKTURE EN –KONVENSIES

Beantwoord die volgende vrae:

15. Kies die gepaste voorsetsels uit die onderstaande lys om die sinne te voltooi.

| rondom | op | in |
|---|---|---|

Die hond het (15.1) ________________ die Groot Gat geval omdat die

grond (15.2) _____________________ die gat onstabiel en los was. (2)

16. Skryf die meervoud van die onderstreepte woord in die spasies wat voorsien word, neer.

Die hond se kleintjie het muise gesoek om te eet.

_________________________ (1)

17. Onderstreep die korrekte woord tussen hakies.

17.1 Lindiwe het (darm/darem) `n aangename naweek gehad. (1)

17.2 Sy dra altyd pragtige (roke/rokke). (1)

18. Skryf die volgende sin oor deur die korrekte punktuasie te gebruik.

jy kan help om bosbrande en veldbrande te voorkom het Deon gesê

________________________________________________________

________________________________________________________ (4)

19. Gebruik `n gepaste voegwoord om die volgende **twee** sinne te verbind. Moenie "*en*" gebruik nie.

Matthew kon nie die hond red nie. Die tou was te kort.

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

20. Skryf die teenoorgesteldes van die onderstreepte woorde neer deur van die gegewe voorvoegsels gebruik te maak.

| | | |
|---|---|---|
| mis- | on- | wan- |

20.1 Dit was vir hom moontlik om die hond te red. ____________________ (1)

20.2 As jy jou gedra, sal die bye jou steek . _________________________ (1)

21. Gee `n sinoniem (woord met dieselfde betekenis) uit die leesstuk op bl.2 vir die onderstreepte woord.

ER 24 het die hond uit die gat gehelp.

________________________________________ (1)

22. Skryf die volle woord vir die onderstreepte afkorting in die volgende sin, neer.

Mnr. Venter werk vir die reddingspan.

_________________________________ (1)

23. Skryf die volgende sin oor in die toekomende tyd.

Hulle het vrugte gepluk.

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (2)

24. Verander die volgende sin na die ontkennende (negatiewe) vorm.

Hulle het die hond gered.

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (2)

25. Verander die volgende stelling na `n vraagsin.

Die hond het `n rusplek op die rotse gehad.

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (2)

26. Skryf die volgende sin oor in die Indirekte Rede.

Reese het gesê, “Die kinders moet die bome versorg.”

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (2)

**TOTAAL AFDELING B: 22**

**AFDELING C: SKRYF**

27. Gebruik die onderstaande raamwerk om 'n lys instruksies te skryf om aan jou vriend te verduidelik hoe jy `n hond sal was.

- Gee `n gepaste titel vir jou instruksies.
- Gebruik werkwoorde.
- Jou instruksies moet uit **drie** logiese stappe van **vier** kort sinne elk bestaan wat op mekaar volg.
- Maak seker dat jy die korrekte spelling, punktuasie en sinskonstruksie gebruik.



Hoe om ________________________________________________

Jy sal die volgende benodig: (Noem 4 items)

1.________________________________________________________________________

2.________________________________________________________________________

3.________________________________________________________________________

4.________________________________________________________________________

Instruksies:

Stap 1__________________________________________________________________

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

Stap 2__________________________________________________________________

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

Stap 3__________________________________________________________________

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

**TOTAAL AFDELING C: 15**

**GROOTTOTAAL: 60**

**PUNTETOEKENNING VIR VRAAG 27**

**Verwys na memorandum vir riglyne.**

| | **Kriteria** | **Maks punt** | **Leerder se punt** |
|---|---|---|---|
| 27.1 | Gepaste titel | 2 | |
| 27.2 | Gebruik van werkwoorde | 3 | |
| 27.3 | Logiese volgorde van stappe | 2 | |
| 27.4 | Spelling en punktuasie | 3 | |
| 27.5 | Sinskonstruksie | 3 | |
| 27.6 | Inhoud met benodighede ingesluit. | 2 | |
| | **TOTAAL** | **15** | |